

EDITORIAL

REDAKSIONEEL



Short on the heels of our previous magazine we bring you this one – we trust that our readers will have noticed that we are making every effort to make up for lost time. However, it is not going to be possible to produce two more magazines in this year so we will unfortunately have to publish the next two issues early in 2010. It really irks us and we are sure that you, our loyal readers, feel much the same. Speaking of which, as we were under serious pressure in our efforts to produce the previous issue, we mistakenly did not credit the very talented graphic designer, Zuci zu Castell for designing

the magnificent cover. Our sincere apologies.

We have some exciting articles this month, one of which is by the curator of the Graaff-Reinet Museum, Anziske Kayster. She gives us some background and interesting facts on the Robert Mangaliso Sobukwe Permanent Exhibition housed in the old library in the museum complex. We were alerted to this exhibition by one of our former colleagues, graphic designer Ian Nurock, who now lives in London. Although he left the Publications Department many years ago the CL clearly still lives on in his heart as this is only one of many suggestions he has forwarded to us over the years. Our heartfelt thanks to him.

In Book World one of our star contributors, Dr Francois Verster has really done us proud and shares some interesting literary experiences with us, from a casual evening in the famous Book Lounge in Cape Town to the Woordfees held annually in Stellenbosch. The role of book critics is one of the topics under discussion.

Although I rarely single out specific libraries as most librarians fall in a category of absolute dedication, one that money can't buy, I would like to make an exception this month and refer to the very successful careers indaba (page 41) presented in Masiphumelele Library, the second time around, and the brain child of Fish Hoek librarian Sue Alexander. Her initiative has surely changed the lives of many. Added to this was the clever and creative implementation of this year's Library Week theme presented by the Fish Hoek Library. Read on page 43 how the *Race for knowledge@ your library* turned patrons into voracious seekers of knowledge ...

This and much more fill this month's magazine and we hope that you will find something here to inspire you.

Editor • Redakteur
Grizéll Azar-Luxton
Tel: (021) 483-2446

Layout / Photography
Uitleg / Fotografie
Olivia Peach

Administration and Advertising
Administrasie en Advertensies
Szerena Knapp
Tel: (021) 483-2483
Faks / Fax: (021) 419-7541

Web site • Webtuiste
www.capecagateway.gov.za/library
E-mail • E-pos
capelib@pgwc.gov.za
grizell@iafrica.com

Address • Adres
PO Box 2108 Cape Town, 8000
Postbus 2108 Kaapstad, 8000

Indexed in • Geïndekseer in
LISA (Library and Information
Science Abstracts)

Reproduction and Printing
Reproduksie en Drukwerk
Koerikai Document Solutions
Sanlam Head Office, 2 Strand Street
Bellville 7530

Cover design • Omslagontwerp
Zu@i Mopani

© Library Service © Bibliotekdiens
SA ISSN 0 008 5790

Kort op die hakke van ons vorige tydskrif bied ons die volgende een – ons vertrou dat ons lezers sal oplet dat ons alles in ons vermoë doen om verlore tyd in te haal. Helaas, die volgende twee uitgawes sal egter nie voor vroeg in 2010 kan verskyn nie. Ons weet, dit frustreer ons net soveel soos u, ons getroue lezers.

Van frustrasie gepraat, dit was seker onvermydelik dat in die geskarel om die vorige uitgawe gepubliseer te kry, daar foute sou insluip. Ons verskoning aan die talentvolle ontwerper van die pragtige voorblad, Zuci zu Castell, dat hy nie die nodige erkenning ontvang het nie.

Ons het interessante leesstof hierdie maand, waarvan een 'n artikel deur die kurator van die Graaff-Reinet Museum, Anziske Kayster. Sy gee agtergrond en interessante feite oor die Robert Mangaliso Sobukwe permanente uitstalling wat in die ou biblioteek in die museumkompleks aangebied word. 'n Geliefde voormalige kollega, Ian Nurock (wat tans in London woon), het ons aandag op hierdie gebeurtenis gevind. Alhoewel hy lankal reeds die Publikasie Afdeling vaarwel toegeroep het, is dit duidelik dat die KB hom nog na aan die hart lê want hierdie is maar een van baie wenke wat hy voortdurend aanstuur. Ons sê baie dankie aan hom daarvoor.

In Boekwêreld skitter een van ons spesiale bydraers, Dr Francois Verster vandeesdaan en deel hy interessante literêre ervarings, soos 'n aand by die gewilde Book Lounge in Kaapstad en gebeure by die jaarlike Woordfees in Stellenbosch met ons. Een van die onderwerpe onder bespreking is die rol van die boekresensent.

Alhoewel ek nie normaalweg biblioteke uitsonder nie omdat die meeste bibliotekaris in my opinie in die spesiale kategorie van alghele toewyding val (iets wat nie met geld gekoop kan word nie), voel ek tog om 'n enkele uitsondering te maak en na Sue Alexander van Vishoek te verwys. Hierdie bibliotekaris is die breinkrag agter die uiters suksesvolle loopbaanindaba wat vir die tweede maal in Masiphumelele Biblioteek aangebied is en wat die lewens van baie jong mense verander het. Lees gerus op bladsy 41 van die impak wat dit op talle jong lewens gehad het. Ook moet ek net verwys na hoe die slim en kreatiewe toepassing van vanjaar se Biblioteekweektema, *Jaag resies na kennis @ jou biblioteek* Vishoek se gebruikers laat 'dors' het na kennis (bladsy 43).

Dit en baie meer is in hierdie maand se tydskrif te lees en ons hoop dat lezers iets sal vind wat hulle inspireer.

Editorial policy

The *Cape Librarian* is the house journal of the Western Cape Provincial Library Service and is published bi-monthly. Articles in the field of library and information science, library administration, news items, reviews and accession lists are included. The editorial staff reserve the right to edit, shorten, or rewrite any copy should it be deemed necessary. We cannot guarantee that unsolicited copy supplied will be printed. Opinions expressed by contributors are not necessarily those of the Library Service. Copy for a particular issue must reach the editor two months in advance. Articles, letters and news items should be submitted directly to the editor.

Redaksionele beleid

Die *Kaapse Bibliotekaris* is die huisblad van die Wes-Kaapse Provinciale Bibliotekdiens en verskyn tweemaandeliks. Dit bevat artikels oor biblioteek- en inligtingwese, nuusberigte, resensies, aanwinslyste asook praktiese artikels. Die redaksie behou hom die reg voor om, indien nodig, bydraes te rediger; te verkort of te herskryf. Die publikasie van artikels wat nie in opdrag geskryf is nie, kan egter nie gewaarborg word nie. Die menings van medewerkers is nie noodwendig dié van die Bibliotekdiens nie. Alle kopie vir 'n bepaalde uitgawe moet die redaksie twee maande vooruit bereik. Artikels, brieue en nuusberigte kan direk aan die redakteur gestuur word.

Department of Cultural Affairs and Sport
Departement van Kultuursake en Sport